
# RPO Markverslag
## Week 37 van 2025





| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Speenkalf (R/kg) | R36.95 | -0.2% | -1.3% | 19.7% |
| A2 (R/kg) | R70.81 | -3.7% | -1.4% | 31.5% |
| B2 (R/kg) | R60.44 | -0.7% | 1.4% | 36.5% |
| C2 (R/kg) | R59.63 | 0.3% | -0.7% | 39.3% |

## Speenkalwers

Die prys het in Week 37 effens gedaal vanaf die vorige week en is tans 19.7% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die dalende tendens kan toegeskryf word aan `n swakker vraag na kalwers, aangesien die kalwers wat nou ingekoop word nie gereed gaan wees vir slag voor Kersfees nie. Die verwagting bly steeds dat die prys moontlik effens kan styg tydens die laaste paar weke van September en 'n piek in Oktober bereik, weens `n laer aanbod van kalwers gedurende die tyd. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in Oktober rondom R39/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R34/kg en nie hoër as R44/kg behoort te wees nie.




## A2 Beeskarkasse

Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 37 skerp gedaal teenoor die vorige week en is tans 31.5% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die skerp daling in die prys kan toegeskryf word aan 'n volgehoue hoër aanbod op karkasse. Die verwagting is dat die prys weer 'n stygende tendens kan toon gedurende Oktober en November. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Oktober rondom 72/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R65/kg en nie hoër as R80/kg behoort te wees nie.

RMIS UFS

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*


RPO

# RPO Markverslag

## Week 37 van 2025




| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Stoorlam (R/kg) | R50.20 | -0.3% | -0.6% | 26.6% |
| A2 (R/kg) | R109.95 | -0.6% | 2.3% | 20.9% |
| B2 (R/kg) | R82.08 | -5.4% | 0.0% | 30.9% |
| C2 (R/kg) | R81.46 | -3.1% | -1.9% | 29.7% |





## Stoorlammers

Die stoorlamprys het in Week 37 redelik onveranderd gebly teenoor die vorige week en is ongeveer 26.6% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die sywaartse tendens kan toegeskryf word aan 'n volgehoue hoër aanbod op lammers tans in die mark. Die verwagting is dat die prys stelselmatig kan daal tot in Desember soos die aanbod op lammers vermeerder en weens die normale swak vraag na, en prys van, A2 lamkarkasse aan die begin van die jaar. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in Oktober rondom R50/kg te wees en nie laer as R45/kg en nie hoër as R54/kg nie.

## A2 Lamkarkasse

Die lamkarkasprys het in Week 37 met 0.6% gedaal teenoor die vorige week en is ongeveer 20.9% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan 'n hoër aanbod op lamkarkasse tans in die mark. Die verwagting is dat die prys kan daal tot in Oktober, voor dit weer begin styg met die aanloop na Kersfees. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Oktober ongeveer R106/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R95/kg en nie hoër as R118/kg behoort te wees nie.




RMIS UFS

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

RPO